# HEBREËRS 8

## TEMA: CHRISTUS DIE MIDDELAAR

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 8**

**Heb 8:1** Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele,
Heb 8:2 'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie.
Heb 8:3 Want elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring. Daarom moes Hy ook iets hê om te offer.
Heb 8:4 Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer,
Heb 8:5 hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.
Heb 8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.
Heb 8:7 Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.
Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,
Heb 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.
Heb 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
Heb 8:11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.
Heb 8:12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

## DEURGANG NA DIE ALLERHEILIGSTE

Hierdie lesing verwys terug na ons vorige lesing .....
Kortliks, ter opsomming:

- Toe Christus gesterf het, het Hy die Allerheiligste ingegaan. Die voorhangsel het geskeur: Dit is simbolies van die vrou se geskeurde maagdevlies.
- Christus het uit die baarmoeder gekom, die voorhangsel het geskeur van bo tot onder en Hy kon deurbeweeg tot in die Allerheiligste.

-o0o-

- Hy kon dan 'n plek ingaan waar Hy ons kon invat in heiligheid en in 'n verhouding met die Vader, sodat ons kan vry wees in Hom.

    - **Die geskeurde maagdevlies**: Christus was gebore uit die maagdevlies van Maria wat 'n maagd was. Die rede daarvoor is, dat in die geestes-sfeer (realm/koninkryk) was Hy die verwekking buitekant die menslike elemente. Christus was die Woord wat Vlees geword het, sodat die maagdevlies kon skeur (die voorhangsel), sodat Hy uit 'n plek kon kom waar geen onheil nog ooit bestaan het en gelewe het nie, wat daarop aandui dat Hy onbesmet was.

    - **Die betekenis van die maagdevlies**: Hy was in hierdie wêreld, maar die wêreld het geen houvas op Hom gehad nie.

      Maria se maagdevlies dui op die reinheid en soewereiniteit van die offer wat Hy was, wat God die Vader gegee het.

## Christus ons hoëpriester

Heb 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.
Heb 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;
Heb 7:27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
Heb 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

- Christus val onder die orde van Melgisédek en nie onder die orde van Aäron nie.
- Die orde van Aäron is die wettiese verpligtinge van die aardse hoëpriesters.
- As Christus onder die orde van Aäron moes val en dit dan nie nagekom het nie, sou die wet hom oordeel.
    - Hy moes dan die rituele deurgegaan het, wat 'n erkenning sou wees, dat Hy onrein is en moet Homself eers reinig. Gevolglik kon Christus nie die hoëpriester wees van die orde van Aäron se verbond nie.
- Christus kom uit 'n plek van soewereine heiligheid en uit die hart van die Vader, daarom kon Hy onder geen wet val nie, want anders moes Hy die proklamasies maak dat Hy onrein is.
- Dus is Hy die Hoëpriester van die orde van Melgisédek-verbond.

Christus het derhalwe die maagdevlies gebreek en die voorhangsel het geskeer, sodat ons in Hom 'n nuwe skepsel kan wees.

-o0o-

# HEBREËRS 8

**Tema:** **Christus is die Middelaar van 'n beter en ewige verbond.**

**Heb 8:1** Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele,
**Heb 8:2** 'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie.

- Die orde van Melgisédek is opgerig deur God, omrede dit Goddelik en 'n hoë gesagsposisie is, alhoewel die orde van Aäron opgerig is deur 'n mens, omdat dit wettiese aspekte is.

**Heb 8:3** Want elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring. Daarom moes Hy ook iets hê om te offer.

- Die priesters was die middelman tussen die mens en God, daarom moes hulle, hulleself eers reinig en dan daarna die offers van die mense gaan offer; byvoorbeeld vleis of wat ook al die mens aan hulle gebring het om namens die mens aan God te offer.

**Heb 8:4** Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer,

- Nie alle priesters het gaan offer nie, omrede hulle verskillende ampte gehad het en daarom was hulle nie regte priesters gewees nie.

## Heenwysing na Christus

**Heb 8:5** hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

- Die hele tabernakel, die rituele en alles wat daar plaasvind is net 'n afbeeldsel van dit wat in Christus is; dit wat God die Vader op die einde van die dag beplan het om vir die mensdom te gee. Daarom moes hulle mooi oplet hoe alles tot vervulling kom en hoe die afbeeldsel gemaak moes word.
- Hy is die <u>volledigheid</u>**.** Hierdie dinge is in 'n volkomenheid saam 'n heenwysing na Christus. Daarom kon Christus nie 'n deeltjie wees nie, maar Hy moes die algehele prentjie vervul.
- Hy is die <u>vervulling</u> van die wet en die profete! Hy is nie net 'n stukkie van die wet of een offer van die hoëpriesters nie. In al hierdie dinge het Hy in 'n volheid gekom en in Hom een geword, lewend en bestaande.

## Verbond

**Heb 8:6** Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond

- Met ander woorde, dit 'n beter verbond.

**Heb 8:7** Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.

- Die eerste verbond het nie gewerk nie, want dit was alles net tydelike maniere hoe God die Vader Sy raadsplan ten alle tye in plek geplaas het, sodat hierdie dinge alles 'n heenwysing kon wees na Christus toe.

## Die Hemelse op aarde

**Heb 8:8** Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,

-o0o-

**Heb 8:9** nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.

- Die huis van **Israel**: Israel
- Die huis van **Juda**: (Gentiles) Nie-Jood / heidene

Met ander woorde hierdie verbond was te streng vir hulle gewees. Die Vader het als geïmplementeer (tot uitvoer bring / toepas).

**Moses**:

- God het vir hom gesê dat hy moet alles maak in 'n perfekte voorbeeld soos wat God hom gewys het. Met ander woorde alles wat in die geestelike realm (sfeer) en in die hemel is moet hy afbring aarde toe.

**Die probleem**:

- Die mense op aarde kon nie die hemelse uitlewe op aarde nie, want dit is onmoontlik en onbereikbaar. Dit is net sowel jy sê vir 'n baba om 'n volwasse se lewe te voer en ons almal weet dit is onmoontlik.
- Daarom moes Christus gekom het, want Hy is die verbond van die Vader na die mensdom.
- Daarom moes God self die Woord uit die hemel gegee het, sodat die hemel aarde toe kon kom en die vervulling bring.
- Ons as mens kon nie die hemelse hier op aarde vervul nie, want dit het die hemel gekos om die hemelse hier op aarde te kom vervul.

## Die werking van die Heilige Gees

**Heb 8:10** Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

- Dit dui aan op die werke van die Heilige Gees in ons, en is die twee dele van die nuwe verbond.
- In die **verstand**: Die sielsdimensie, die vlees
- Op hulle **harte**: In ons gees

Hierdie is die nuwe verbond, sodat ons dinge kan bedink wat in die hemel is, met ander woorde die vlees bestaan nie meer nie - die vlees, die sielsdimensie moet sterf.

**Sterf van die vlees**

- Ons moet onsself verloën ('n dooie eiersel word), ons kruis opgeneem en Christus volg, sodat Sy Gees in ons kan kom woon (die bad van wedergeboorte) en volkome beheer uitoefen oor ons sielsdimensie en oor ons gees.
- Daarom moet ons waaksaam wees want, so kan die mens ook heeltemal wegraak in die mag van die bose, inplaas daarvan dat God se Gees in beheer moet wees.

**God se Gees**

- Die Heilige Gees is aan ons gegee, sodat ons hulp het, 'n leermeester, om ons te wys hoe God gedien wil word en wat die wil van die Vader is vir ons lewens wat Hy beplan het voor die grondlegging van die wêreld. Dus het ons nie meer die wet nodig nie.

## Almal sal die Here ken.

**Heb 8:11** En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.

-o0o-

**Nuwe Skepsel**

- God die Vader dink nooit meer aan ons sondes en dade nie, want ons is nou 'n nuwe skepsel in Christus. In Hom is die nuwe verbond.

**Die nuwe verbond**:

- Hy is die Eersgeborene van die opstanding en was die perfekte voorbeeld wat vir ons gestel is;
- Daardeur kon ons deur die voorhangsel en maagdevlies beweeg.
- Dus mag ons nie anders lyk nie, nie anders praat nie, nie anders dink nie, nie anders funksioneer nie, maar
- Ons moet die Eersgeborene se DNA, Sy Seun wat God die Vader vir ons geoffer het, se beeld dra.

**Verheerliking van die Vader**

- Christus het gekom om die wil van die Vader te doen en Hom te verheerlik.
- Deur alles wat die Vader in Hom geïmplementeer het, volvoer Hy ten volle, sodat die vrug van Sy lewe die Vader kan verheerlik en die saad in die mense se lewens kan saai.

**Een belangrike aspek van die verbond**

- Dit wat Christus in ons lewe geïmplementeer  moet ons uitstraal en leef.
- Sodoende kan die mensdom daar buite Sy Heerlikheid, Sy saad, Sy beeld, Sy hele wese uitleef.

As jy in hierdie verbond staan hoef jy jouself nie meer te leer nie, maar God se Gees (Heilige Gees) sal jou self leer, jou onderrig op die pad wat jy moet gaan.

**In hemelse plekke**

**Heb 8:12** Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

- Hier verduidelik die Woord jy is 'n nuwe skepsel in Christus, en het deur die voorhangsel beweeg, die Allerheiligste in. Dit beteken jy leef nou in die Allerheiligste. Jy sit nou saam Christus in hemelse plekke.
- Nou sien ons hoe kom al die skrifte in vervulling. Daar 'n proses wat jy moet deurgaan om in hierdie hemelse plekke te kan sit en net die Vader kan jou daardeur vat.

**Die ou dinge is verby**

**Heb 8:13** As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

- Dis hoekom ons nie meer wetties kan wees en aan die wet kan vashou nie, want ons is nuwe skepsels in Christus Jesus.
- As ons sê ons is in Christus dan is ons saam met Hom verhewe bo die wet en val saam met hom onder die orde van Melgisédek.
- Maar as ons nie in Christus is nie, dan sê die Woord heers die wet oor ons en sal ons deur die wet geoordeel word.
- Niemand kon dit onder die wet maak nie, net Christus alleen. Niemand op aarde kon die ou verbond vervul nie.

## OPSOMMING

**Die OU verbond**

- Ons was in sonde gebonde.
- God die Vader, het vir Israel die verbond van Aäron gegee, sodat hierdie hardnekkige en wederstrewige volk deur die wet gelei moes word.
- Hulle het die leierskap van Moses wat God oor hulle aangestel het, geminag.

-o0o-

- Daarom moes God sekere dinge in plek plaas, sodat hulle deur die wet gelei kon word.
- Sou hulle nie die wet nagekom nie, word hulle met klippe doodgegooi of verwyder van die vergaderings en moes die strawwe vat wat daarmee gepaard gegaan het.

**Die rituele**
- God het bepaal dat al hierdie rituele 'n heenwysing is na Christus.
- Christus het gekom as die Een wat buitekant die wet was.
- Hy was en is reinig, heilig en skoon, met ander woorde hy het nie nodig gehad om vir Homself te offer of om rituele deur te gaan nie, want Hy het nie onder die wet geval nie.

**Hemelse vervulling op aarde**
- Die mens kon nie hierdie dinge op die aarde uitlewe nie en daarom het dit die Hemelse gekos om aarde toe te kom om die hemelse dinge op aarde te kom uitleef.
- Alleenlik in daardie posisie kon Christus die voorhangsel wat die Vader geskeur het deurstap, sodat ons kon deurgaan.

**Die voorhangsel**
- Skeidings van die wêreld, met ander woorde Hy is die soewereine, heiligheid van God wat in die baarmoeder was, wat die voorhangsel geskeur het, wie kon deurgaan dat ons wat wedergebore is ook kan deurgaan.

**Bevrugting**
- Die manlike spermsel (die saad) bevrug die eiersel en kan nou uit die baarmoeder (binnekamer) uit beweeg in Christus.
- Dan kan hulle begin om die wil van die Vader te doen, want dit is nie meer hulle wat lewe nie, maar die Gees van God wat in hulle lewe.

**Nuwe skepsels van Christus**
- Soos Christus 'n spieëlbeeld was van die Vader, so moet ons nou 'n spieëlbeeld wees van Christus, want ons kan nie 'n ander woord bring nie en ook nie geld maak uit die evangelie nie (die evangelie verkoop) en al hierdie dinge nie.
- Ons moet dieselfde DNA, taal, woord, voorbeeld ensovoorts, wees.
- Ons moet diensknegskap uitoefen en diensknegte wees. Dit gaan alles om die Vader te verheerlik.

**Hemelse vervulling**
- Die hemelse kon nie op aarde vervul word nie (vers13)
- Die roomys byvoorbeeld: mens kan nie 'n roomys in die oond maak nie, maar die oond slegs net gebruik waarvoor hy toeberei is.
- Dus het dit die hemelse gekos om op aarde die hemelse te kom vervul, daarom was ...........

**Christus was onbereikbaar**
- Hy was onbereikbaar vir die bose en vir die wet, maar Hy moes die pad oop maak, sodat ek en jy daarin kan volg en daarom sit ons in hemelse plekke vandag.
- Dit is 'n proses om in hemelse plekke te sit en in die nuwe verbond in te gaan en ook te lewe.
- Dit alles is vir ons verniet gegee.

-o0o-

**Die kruisiging van jouself**

- Dit kos ‘n prys om in hemelse plekke te kan sit; dit vra soms pyn lyding, en dit is ‘n stryd om daar te bly, omdat ons nog steeds op hierdie aarde is en het nog steeds daagliks te doen kry met die elemente van die aarde en die bose se werke.

**Lewe in oorwinning**

- Hou vas aan dit wat Christus vir jou gegee het, al is dit nie altyd so maklik nie, maar met Sy Gees is dit moontlik.

Mag die Here elkeen seën wat hierdie lesing ter harte neem.

Wat ‘n eer was dit om julle te bedien met God se Woord !

-o0o-